VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

26 Julie	**Anneke Markgraaf,** Wyk 10
27 Julie	**Hannes Lombard,** Wyk 4
	Theo van der Merwe, Wyk 5
29 Julie	**Jan de Vos,** Wyk 6
30 Julie	**Mietsie Harman,** Wyk 11
31 Julie	**Nelly van der Spoel,** Wyk 18

Die spesiale kollektes in Julie/ Augustus 2021 gaan vir:

Sondag	25 Julie	**Teologiese Studentekas**
Sondag	1 Augustus	Emeritaatsfonds
Sondag	8 Augustus	Emeritaatsfonds
Sondag	15 Augustus	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	22 Augustus	Deputate Jeugsorg
Sondag	29 Augustus	Teologiese Studentekas

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met my, prof Callie of Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengeld is R323 per jaar vir die hardekopie en R135 vir die elektroniese uitgawe.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 27 Sondag 25 Julie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling van wyk 1 **Gert Kruger (Snr)** en wyk 2 **Frikkie Venter.**
Diakens: Wyk 1 **Johan Viljoen** en wyk 2 **Zurich Terblanche.**

EREDIENSTE Eredienste waargeneem deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE PER WHATSAPP
Skriflesing: Openbaring 22.
TEMA: ***Kom, Here Jesus***
Sing: Psalm 33: 1, 2; Psalm 119: 2; Psalm 123: 1, 2; Psalm 130: 3, 4).

Aanddiens om 18:00.
Skriflesing: Psalm 103;
Heidelbergse Kategismus Sondag 46
Sing: Psalm 103: 1, 6, 7; Psalm 33:11; Skrifberyming 28a:1 (Tema 10-1).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir **Teologiese Studentekas** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

LIEF EN LEED

Die knievervangingsoperasie wat **Jeanette Fourie** ondergaan het, het goed afgeloop. Ons dank die Here daarvoor en wens haar sterkte toe vir die herstelproses.

Wymie du Plessis en Sylvia Martens se broer **Willem** en sy gesin het positief getoets vir Covid 19. Ons bede is dat ons hemelse Vader die behandeling sal seën en beterskap sal gee.

Willem de Klerk se kinders en kleinkinders wat hier in Potchefstroom woon, is ook positief getoets vir die virus.

Ons doen voorbidding vir ander lidmate van wie daar dierbares siek mag wees van die virus. Hou ons asseblief op hoogte sodat ons met mekaar kan meeleef.

Die begrafnis van Ockie Buys het die afgelope Dinsdag plaasgevind. Ons dra **Johanna** en al haar dierbares steeds op aan die liefdevolle sorg en troos van ons hemelse Vader.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Prof Callie en Susan**. Hulle swaer wat vorige week vanaf Namibië oorgeplaas is na 'n hospitaal in Kaapstad is Vrydagoggend in die hospitaal oorlede. Ons bid om die ryke vertroosting van ons hemelse Vader.

VAN ONS KERKRAAD

In hierdie tyd wat Prof Callie en Ds Jannes ons huisbesoeke moet beperk tot "noodgevalle", versoek ons dat lidmate ons asseblief op hoogte sal hou van enige sodanige gevalle.

BYBELSTUDIES:

Do	29/07	18:30	Virtueel	Kontak Paul Krüger Frieda Theron

GESOEK: WEBMEESTER

Ons vorige webmeester, Terence Kent, en sy gesin het begin van die jaar uit ons gemeente vertrek. Dit het 'n leemte gelaat en veroorsaak dat van die inligting op ons gemeente se webblad verouder het. Die belangrike dinge soos die weeklikse plaas van preke en ons gemeenteblad, word wel intussen deur Gert Kruger gedoen. Dit sal egter die ideaal wees as 'n ander lidmaat of lidmate dit kon behartig en dus as webmeester optree. Terence meen dat dit iemand kan wees wat net 'n **bietjie rekenaarvaardig** is en dat hy sodanige persoon verder sal kan oplei indien nodig. Nog belangriker egter is dat hierdie persoon **graag** hierdie werk wil doen. Ons wag dan aansoeke vir die werk (diens) van webmeester in.

Skakel my in hierdie verband asseblief by my voor 9 Augustus 2021.

Faans Steyn (namens Uitdra van Evangeliekommissie)

VAN DIE DIAKONIE

Die Diakonie het die afgelope paar weke versoeke gekry vir dringende finansiële hulp. Die dagbestuur het die dringendheid hiervan besef en die volgende betalings goedgekeur. Die eerste was 'n versoek van die Diakonie van die Gereformeerde Kerk Matlabas waar een van hulle lidmate per helikopter oorgeplaas moes word. Die diakonie het gehelp met R 5 000. Die volgende versoek was van Gereformeerde Kerk Amanzimtoti. Hulle gemeente, en met name hulle Mooi Hawens-projek het baie gely onder die probleme in KZN. Die Diakonie het 'n bedrag van R 4 000 bewillig. Die derde brief het gekom van die SDDS (Sinodale Deputate vir Diakonale Sake) wat dringend hulp verleen aan die GK Pinetown, Ds Andries Burger tree daar op as koördineerder. Elke maand betaal ons Gemeente R 1 000 aan die SDDS maar hierdie maand het ons 'n ekstra R 1 000 bewillig.

Ons is ons Vader in die hemel baie dankbaar vir ons gemeente se oophand, dat ons ook op hierdie manier kan hulp verleen.

Klassis Potchefstroom

Klassis Potchefstroom het 'n Kerkorde Artikel 66 versoek vir 'n dag van verootmoediging vanaf GK Randburg ontvang aangaande die situasie van ons land as gevolg van die onluste en die pandemie. 'n Klassis contracta van Klassis Potchefstroom het Dinsdag 20 Julie met betrekking tot die versoek vergader.

Die besluit is dat daar in beginsel gevolg gegee gaan word aan die versoek, maar dat daar vanweë die onsekerheid oor wanneer die gemeentes in Suid-Afrika en Namibië weer fisies kan vergader, eers 'n week gewag gaan word, om te hoor wat die verdere aankondigings vanaf die Suid-Afrikaanse regering is.

Die klassis contracta vergader dus weer volgende week Dinsdag om te besluit oor die praktiese uitvoerbaarheid van so 'n dag van verootmoediging en gebed.

Gereformeerde kerk Potch-Suid maak
H/v Klerk en Kortstraat
30 Julie Ribburgers @ R 25 een.
Bestel voor 27 Julie by 082 215 8867
Gratis aflewering vir bestellings van 10 of meer.